# ’n Perspektief op hoop as pastorale bemagtiging in die rouproses[1]

**Willem Smith & Yolanda Dreyer**

**Departement Praktiese Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## A perspective on hope as pastoral empowerment in the grief process

***This article elaborates on existing research pertaining to the grief process. It focuses on the dynamics and effect of grieving. Grief is experienced differently by different individuals. The aim of the article is to search for ways in which people can exist with authenticity and hope in the presence of God in spite of the experience of loss. Three issues are addressed: the circumstances of grief; the influence of people’s God-images on the grief process; as well as the traditional viewpoint on the phases and emotions connected with the grief process and an alternative perspective. The article highlights the dynamics and diversity of experiences in the grief process.***

## 1. ROUSMART

Rousmart is ’n intens emosionele toestand, gedrag en reaksie waarin treurendes in hulle totale menswees deur verskillende momente van smartontwrigting worstel om uit te kom by aanvaarding van die realiteit van verlies en om sinvol verder te kan lewe (kyk De Klerk 1972:19). *Rou* dui op die tipe smart wat gely word en *smart* verwys na die pynlike gevoelens van verlange, hartseer, leed en verdriet. Futterman (1972:255) verwys na rousmart as ’n “ … combination of affective responses such as shock, numbness, confusion, diffuse anxiety, pain and psychosomatic responses, as well as more differentiated and focussed

[1] Hierdie artikel is ’n verwerking van ’n deel van die proefskrif van Willem J Smith, “’n Prakties-teologiese perspektief op hoop as pastorale bemagtiging en verryking in die rouproses”, ingedien as deel van die vereistes vir die graad PhD (2002), Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, onder promotorskap van prof dr Yolanda Dreyer.

sadness or depression over the impending or actual loss … ". Rou is universeel en word by geleentheid deur alle mense ervaar. Dit is 'n normale en onafwendbare deel van mense se lewens. Rousmart is 'n ingewikkelde aangeleentheid wat mense emosioneel, fisies en psigies beïnvloed. Die pynlike proses van nood en verlies roep na hoop midde-in hooploosheid. Vir Christengelowiges gaan die verwerking van rou eerder om God se teenwoordigheid as 'n werklikheid te ervaar, as om net bepaalde vaardighede aan te leer.

Goldberg (2001:13) meen dat lyding en verlies nie so maklik verklaar kan word nie. Die vreemdheid daarvan is dat mense so verskillend daarop reageer. Die een persoon kom kwalik daaroor heen, terwyl 'n ander, ten spyte van die geweldige pyn wat verlies meebring, dit as betekenisvolle gebeure interpreteer. Volgens Goldberg bind lyding mense aan mekaar. Dit kan tot gevolg hê dat mense deelnemend en empaties betrokke raak by ander se nood. Lyding is nie 'n kantlyn-gebeure nie. Mense is nie bloot toeskouers van die lyding wat plaasvind nie. Mense in nood word deur lyding genoop tot doelgerigte betrokkenheid by mekaar.

Dit is nodig dat mense in nood die betekenis sal soek van die pyn en verlies wat hulle beleef. "Humans experience pain, but pain does not become suffering until it is translated into a category of meaning" (Goldberg 2001:17). Mense beleef intense rou wanneer hulle die verlies wat hulle gely het, *bewustelik* herken en erken. Lyding kan benader word as 'n geleentheid om nuwe betekenis in 'n mens se lewe te vind (Van der Ven 1995:14).

Hierdie artikel sluit aan by bestaande navorsing op die gebied van rousmart. Die bestaande navorsing het die prosesse wat 'n rol speel wanneer oor 'n verlies gerou word, in reliëf geplaas. Hierdie studie fokus meer op die dinamiek en effek van die rouproses op mense wat telkens anders ervaar word. Die doel is om weë te soek hoe mense outentiek en hoopvol in God se teenwoordigheid kan lewe te midde van verlieservaring. Vir hierdie doel word aandag gegee aan die verskillende omstandighede van rou, die invloed van mense se Godsbeelde op die rouproses, en die tradisionele standpunt ten opsigte van die fases en emosies van die proses asook 'n alternatiewe

interpretasie daarvan. Die artikel fokus op die dinamika en verskeidenheid van "momente" in die rouproses.

## 2. DIMENSIES VAN ROUSMART

Hallewas (1989:9) verstaan rousmart as " … exclusively the reaction to the death of a close loved one". Spiegel (1977:17) meen egter dat enige vorm van verlies rousmart tot gevolg kan hê. Voorts beklemtoon Spiegel ook die *relasionele* en *universele* dimensies van rousmart. Mede-menslike aandag, steun en sorg kan persone in hulle noodgeveg en poging tot heroriëntasie op die lewe help om heel te word sodat hulle die teenwoordigheid van God weer as singewend en hoopvol kan beleef. Omdat alle mense verlies ken, het rousmart ook 'n *universele dimensie.* Waar mense leef, word verlies beleef.

Rou is kompleks. Geen vorm van rou kan met 'n ander vergelyk of gelykgestel word nie. Rou word met intensiteit beleef. Die *intensiteit* hou verband met die *impuls* wat die rou veroorsaak het. Die implikasies van die verlies van 'n ledemaat, byvoorbeeld, gaan veel verder as net die liggaam se reaksie op die operasie self. Eweneens het die dood van 'n geliefde ook meer implikasies as net die feit dat die persoon nie meer daar is nie. Die aard van die verlies, die wyse waarop dit plaasgevind het en die verhouding waarin mense tot hulle verlies staan, is alles faktore wat die hoopvolle verwerking van die rousmart van verlies beïnvloed. Verlies roep tot nadenke oor en die evaluering van mense se totale menswees, omdat dit 'n invloed het op die totale lewensfunksionering. Verlieservarings ontwrig die sekuriteit en veilige lewensdomein van mense.

Oates (1997:20-38) beskryf ses kontekste van verlies wat 'n rouproses aan die gang sit. Hy noem dit *kwantitatiewe vorme* van rou en meen dat alle vorme van rou binne hierdie kontekste tereg kom. Hy identifiseer die volgende soorte rou:

- **Antisipatoriese of vervroegde rou**

  Wanneer 'n pasiënt besig is om te sterf, gaan die familie *onbewustelik* deur 'n rouproses. Hulle sien dat die uitkoms onafwendbaar is: hulle gaan

die verlies ly. Dit lei daartoe dat hulle onbewustelik reeds begin rou oor die *komende verlies*, al is die persoon nog nie dood nie. Hulle beleef dit reeds as ’n werklikheid.

- **Skielike of traumatiese rou**

  Dit is die roureaksie op ‘n verlies wat gebeur het sonder enige vooraf waarskuwing, aankondiging of verwagting. Voorbeelde is ’n hartaanval, ’n ongeluk, selfmoord en moord. Dit is te verwagte dat die *skok* in hierdie geval groter sal wees as wanneer die verlies verwag is. Hier kan maklik ‘n verwringing van die rouproses plaasvind. Die persoon kan vashaak in plaas van om deur die proses heen te bly beweeg. Wat besonder moeilik is van hierdie manier van verlies ervaar, is dat daar nie tyd was om afskeid te neem nie.

- **Kroniese of “no end”-rou**

  Oates noem hierdie vorm van rou *the death of a dream*. Dit kom voor in gevalle waar byvoorbeeld serebraal-gestremde persone of ’n huweliks-maat wat aan Alzheimer se siekte of spierdistrofie ly, versorg word. Die die uiteinde van die proses is onseker. Ook mense wat HIV-positief is, is onseker oor hulle lewensverwagting. “No end”-rou is ’n swaar las op diegene wat na aan hulle is.

- **“Near miss”-rou**

  Hierdie vorm van rou word gekenmerk deur ’n situasie waarin mense die dood nouliks ontkom het, byvoorbeeld met ’n inbraak, rooftog of motorkaping. Dit is ’n *amper-maar-gelukkig-nie*-belewenis. Persone wat voordurend sulke ervarings het, soos byvoorbeeld noodwerkers, lede van die brandweer of polisie, asook mense wat leef in ’n onsekere politieke en ekonomiese klimaat, kan op die lang termyn probleme ervaar. Hulle kry nooit klaar gerou nie. “Near miss”-rou word ook aangetref by mense wat

'n ongeluk oorleef het maar moes toekyk hoe ander in dieselfde ongeluk sterf.

- **Patologiese rou**

  Patologiese rou ontstaan hoofsaaklik wanneer mense die werklikheid van hulle verlies en die effek wat dit op hulle het, ontken. 'n Huweliksmaat kan jare na die dood nog die oorledene se klere in die kas hou. Patologiese rou word gekenmerk aan depressie, 'n ervaring van hooploosheid en 'n onvermoë om deur die rouproses te beweeg. Dit beteken dat die proses tot stilstand gekom het as gevolg van bepaalde blokkasies.

- **"The tragic sense of life"-rou**

  Hierdie vorm van rou ontstaan wanneer mense bewus word van hoe beperk en voorlopig hulle vermoë is om vir 'n ander te sorg en dat dit sal eindig as hulle sterf. Grootouers wat na kleinkinders omsien of ouers wat 'n volwasse gestremde kind versorg, is voorbeelde hiervan. Hulle is bewus daarvan dat hulle eie kragte afneem en is bekommerd oor wat van die kind sal word as hulle nie meer daar is nie. Ook by persone wat besonder onwillig is om af te tree, kom hierdie vorm van rou voor. Sulke persone kan geneig wees tot *onderhandeling*. Dit kan 'n probleem word indien die persoon nie daarby verby kan beweeg nie.

Faber (1984:29) vergelyk verlies of rou met 'n vorm van amputasie. Dit gaan oor bande wat verbreek is, verhoudings wat ophou, en mense voel vermink in murg en been, in hart en siel. Vir die persoon wat 'n lewensveranderende verlies gely het, is die vraag: "Hoe kan ik … verder leven?" (Faber 1984:25). Verlies skud die fondamente van die *ek*. Dit is hierdie "ek" waarna Faber verwys, wat die verlies so intens beleef, dat die persoon dikwels nie kans sien om met die lewe voort te gaan nie. Dit is belangrik dat pastorale versorgers begrip sal hê vir die intensiteit van hierdie nood. Anne Sutherland (1995:281) merk op dat: " … people need comfort in trying times, not a theological discussion …. " In verlies soek mense

nie na verklarings nie, maar na ’n pad vorentoe en vertroue in diegene wat saam stap.

Oates se kyk op verskillende soorte verlieservarings en mense se verskillende roureaksies daarop is nuttig om die kompleksiteit van die rouproses te help verstaan. Juis vanweë die kompleksiteit van die proses sou ‘n rigiede indeling van *alle* vorme van rou in hierdie ses kontekste egter nie wenslik wees nie. Ruimte moet gelaat word vir sowel die wye verskeidenheid van verlieservarings wat mense kan hê, asook die verskillende waardes wat mense aan hulle ervaring toeken. Mense se ervaring verskil ten opsigte van intensiteit en frekwensie.

## 3. FASES VAN ROUSMART

Elizabeth Kübler-Ross (1969) se baanbrekerswerk ten opsigte van die sterwens-proses was vir etlike dekades toonaangewend. Hier word by haar aangesluit, hoewel daar tog punte van kritiek na vore sal kom. Kübler-Ross het bevind dat daar ’n bepaalde verloop van gebeure in die sterwensproses geïdentifiseer kan word. Die emosies wat ontstaan, is gekategoriseer. Om die gebeure en emosies te orden, het sy die proses in *fases* verdeel. Variasies op haar fase-indeling kan gevind word by Spiegel (1977), Bowlby (1980), Flatt (1987), De Vries (1997) en Freeman & Ward (1998). Kübler-Ross se fases is die volgende:

- **Fase van skok**

  Die reaksie op die nuus van verlies, is skok. Op alle moontlike maniere word probeer om die verlies te vermy of te ontvlug omdat die intense pyn as bedreigend ervaar word: “ … die stimuli wat tot pyn lei, is gewoonlik skadelik, of potensieel skadelik” (Louw 1982:310). Die eerste reaksie wanneer die tyding van verlies aangekondig word, is gewoonlik van verlammende skok, verwarring, ‘n gevoel van onwerklikheid en ongeloof. Die persoon is nie in staat tot insig nie. Die belewenis van skok kan, volgens Kübler-Ross (1969:35), lei tot regressiewe en selfs infantiele gedrag. Kommunikasie met die treurende is bykans onmoontlik, wat die

rol van pastorale versorgers beperk. Dit is nie die tyd vir godsdienstige argumente of "Bybelse antwoorde" nie. Die teenwoordigheid van 'n empatiese medemens wat bereid is te luister en 'n pad te loop saam met die treurende, is die belangrikste bydrae in hierdie tyd. Ook die pastorale versorgers staan magteloos voor verlies en pyn en kan gerus eerlik erken dat hulle ook *nie weet hoe nie.* Dit is die teenwoordigheid van die pastorale versorger, nie die "antwoorde" nie, wat ondersteuning bied tydens die moment van skok (De Klerk 1977:203).

- **Fase van ontkenning**

Die reaksie op die skokkende nuus van verlies, is verslaendheid. Tydens die fase van ontkenning probeer die persoon as 't ware om die werklikheid van die verlies weg te praat. Dit skep 'n valse hoop en illusie waaruit hy of sy lewe. Tydens die fase van ontkenning beleef die persoon 'n mate van herstel na die gevoel van onwerklikheid. Na afloop van die verlammende skokfase, dring die werlikheid van die verlies en die pyn wat daarmee gepaard gaan, tot die persoon. Die verlies word ontken om die pyn weg te hou. Mense luister soms weke lank nog vir die oorledene om van die werk af te kom. 'n Persoon kan selfs weier om by begrafnisreëlings betrokke te wees of die begrafnis by te woon.

Die ontkenningsfase is 'n inkeer tot en 'n besig wees met die self op 'n onbewuste wyse. Dit lei tot *isolasie* (kyk Kübler-Ross 1981:43), gebrek aan sinvolle kommunikasie en onbegrip teenoor ander. Dit is die veilige, dog onrealistiese hawe wat die persoon vir hom- of haarself skep. Ontkenning dien as 'n tydelike verdedigingsmeganisme.

- **Fase van opstand**

Tydens die fase van opstand soek die pastorant na 'n uitlaatklep vir al die intense en onverwerkte emosies. Mense is soms kwaad vir hulleself omdat hulle niks kan doen aan die saak nie. Hulle is ook kwaad vir ander en dikwels vir God, wat as apaties beleef word. Dokters word byvoorbeeld

daarvan beskuldig dat hulle nie genoeg gedoen het nie, predikante dat hulle nie daar was toe die lidmate hulle nodig gehad het nie, die familie word van skynheiligheid beskuldig en God word gesien as onregverdig en liefdeloos. Die aggressie gaan gepaard met gevoelens van hulpeloosheid en magteloosheid. Mense vra: “Waarom ek?” (kyk Louw 1997:461; vgl Kübler-Ross 1981:44).

Omstanders vind dit gewoonlik baie moeilik om met begrip op te tree teenoor so ’n persoon. Hulle voel aangeval, die teiken van onbillike kritiek en magteloos om antwoorde op die onrealistiese vrae te gee.

- **Fase van onderhandeling**

Die onderhandelingfase gaan oor *speel vir nog ’n bietjie tyd*. Kübler-Ross (1981:72) verstaan die onderhandelingsfase as ’n geleentheid om ’n guns van God te vra. Die onvermydelike konfrontasie met die realiteit word so uitgestel. Die onderhandeling neem die vorm aan van “as God …, dan sal ek …”: “Indien ek gesond word, of indien ek my man of vrou terugkry, sal ek net doen wat die Here van my vra en sal ek my werk bedank en vir arm kinders gaan sorg”.

Die motiewe van die persoon is onbewus. Die argumente is egter bewus en beredeneerd, selfs “logies” in ’n poging om God van die saak te oortuig. Hoewel die redenasies rasioneel gevoer word, is hulle ver verwyderd van die realiteit. Die *voorwaardes* wat gestel word, is onrealisties en buite bereik. Aangesien die persoon dikwels op ’n intra-persoonlike vlak onderhandel, is min mense gewoonlik bewus van die proses wat aan die gang is (kyk Swinburne 1998:34; vgl Kübler-Ross 1981:72).

Omdat die onderhandeling vir die Christengelowige hoofsaaklik met God plaasvind, is Edwards & Besseling (2001:63) van oordeel dat die geloofsgemeenskap ’n belangrike rol speel in die rouproses. Dit vorm ’n sosiale struktuur waarbinne die persoon die geleenheid het om te rou. Die biddende ondersteuning van die geloofsgemeenskap tydens die fase van

onderhandeling, behoort nie misgekyk te word nie. Die geloofs-gemeenskap sluit die mens in nood in wanneer hulle praat met God. Saam kan die lydende en die ondersteunende gemeenskap bid dat die verlies van die verlede, sal ontsluit in ’n hoopvolle toekoms.

- **Fase van depressie**

Mense wat rou, is intens bewus van die verlies wat hulle reeds gely het of nog gaan ly en ervaar sterk emosies (kyk Zisook & Schuchter 2001:782). Soos met die ander fases is die fase van depressie ook emosioneel belaai. Volgens Kübler-Ross (1981:77) is hierdie fase dikwels uitdrukking van “ … our own needs, our own inability to tolerate a long face over an extended period of time”.

Gedurende hierdie fase manifesteer emosies op ’n *bewustelike vlak*. Persone besef dat die tyd gekom het om bande los te maak. Wanneer die onvermydelike verlies nie langer ontken kan word nie en die verlies as werklikheid beleef word, lei dit dikwels tot depressie. Kenmerke hiervan is ’n verlies of toename aan eetlus, ’n versteurde slaappatroon, angsneurose en ’n gevoel van geagiteerdheid, afwykende seksuele patrone, woede-uitbarstings en isolasie. Depressie is deel van die rouproses. As persone egter nie daarby verby kan kom nie, maar daarin bly steek, word die depressie ‘n spesifieke probleem wat moet aandag kry.

- **Fase van aanvaarding**

Die persoon wat verlies gely het, wil weer ’n gevoel ervaar van *in beheer wees,* aangesien die intensiteit van die verlies hom of haar sonder beheer laat voel het. Aanvaarding beteken dat die emosies ten opsigte van die verlies in terme van intensiteit of frekwensie afgeneem het. Die persoon voel weer in beheer is van sy of haar emosies en sien weer kans om nuwe uitdagings aan te pak. Aanvaarding gebeur wanneer ‘n persoon weer bemagtig voel om sinvol en hoopvol te kan voortlewe. Dit is die oomblik waarin daar “vrede gemaak” is met alles en almal en waarin die pastorant

met die vooruitsig leef van ’n beter toekoms midde-in en ten spyte van die verlies wat gely is. Die aanvaardingsfase is baie moeilik te onderskei in die rouproses (kyk Louw 1997:464; vgl Swinburne 1998:224; Kübler-Ross 1969:89). Aanvaarding gaan vir die Christengelowige gepaard met die belewing dat God self saam met hom of haar stap midde-in en ten spyte van verlies.

Freeman en Ward (1998:218-222) se fase-indeling lyk ’n bietjie anders as die van Kübler-Ross (1969). Hulle onderskei *tien ervarings of emosies* van rousmart: *skok, emosionele bevryding, depressie, fisiese simptome van nood, angs, vyandigheid, skuld, vrees, genesing deur herinneringe en aanvaarding*. Volgens hulle kan die rouproses nie afgehandel wees voordat die persoon nie eers al tien hierdie emosies beleef het nie. Die fases van die rouproses word soos volg deur hulle ingedeel:

- *Fase een* word gekenmerk deur ’n emosionele afgestomptheid en ’n aanvanklike ongeloof dat die verlies werklik plaasgevind het. Hierdie moment kan duur vanaf ’n paar ure tot ’n week en word onderbreek deur erge emosionele uitbarstings.

- *Fase twee* dui daarop dat mense hunker en terugverlang na die persoon of saak wat hulle verloor het. Mense in rou is rusteloos, afgetrokke, na binne gekeer met gedagtes oor die verlies en interpreteer gebeure, soos byvoorbeeld ’n telefoon wat lui, of ’n deur wat oopgaan, soms asof dit die oorledene sou wees wat besluit het om terug te kom. Huilbuie en roepe na die mense met die hoop dat hulle sal opdaag is ook algemeen bekend. Mense in rou mag selfs nie eens bewus wees daarvan dat hulle sulke emosionele belewenisse ervaar nie.

- *Fase drie* is ’n ervaring van disoriëntasie en wanhoop. Mense in rou begin wonder of enige deel van hulle lewe nog betekenis het, aangesien hulle die belewenis het van rigtingloosheid. Mense beleef ’n onvermoë om gedurende hierdie fase enigsins konstruktief te beplan en waar hulle wel poog om te beplan, vind hulle hulself ontoereikend om daaraan uitvoering te gee. Hulle ervaar ’n gevoel van sinloosheid en hooploosheid.

- *Fase vier* is tydperk van herorganisering. Mense in rou besef dat die lewe moet aangaan, al het daar veranderings en verlies plaasgevind. Gedagtes aan die verlies begin ’n ander dimensie vertoon. Selfs in terme van sosiale verhoudings en verantwoordelikhede, kom daar bepaalde aanpassings, ten einde ’n wêreld te skep sonder die persoon of saak wat hulle verloor het.

Freeman & Ward (1998:218-222) se fokus op die emosies wat na vore kom tydens die rouproses, dra by tot insig in hierdie ingewikkelde proses. Rousmart is egter ’n dinamiese proses wat by geen twee persone presies dieselfde verloop nie. Daarom is dit te beperkend om voor te skryf watter emosies ervaar en deurgewerk moet wees voordat die proses as voltooid beskou kan word. Ook wat die tydsduur betref, is hulle aanduiding van twee jaar ‘n nuttige oriëntering, maar kan nie rigied toegepas word op elke individu nie. ’n Streng fase-indeling ontken die uniekheid van elke persoon se belewing en verwerking van verlies. Freeman & Ward (1998:222) dra by tot die bewusmaking van die verskeidenheid en intensiteit van die emosies wat gepaard gaan met die ervaring van verlies.

Die emosionele beweging van die persone deur rouprosesse is soms eerder agteruit as ’n progressiewe beweging van groei, hoopvolle verwerking en bemagtiging. Regressie is by tye juis deel van die rouproses en behoort met begrip ontmoet te word deur die pastorale versorger. Die doel is egter om, deur die proses wat soms vorentoe en soms agtertoe beweeg, uiteindelik uit te kom by hoop op ’n sinvolle toekoms en bemagtig te voel om voort te gaan met die lewe.

Vanweë die groei wat die ervaring meegebring het, sou die hoopvolle toekoms in God se teenwoordigheid selfs beter kan wees as dít wat was.

## 4. EMOSIES VAN ROUSMART

In die bewuswording van die pendulumswaai tussen angs (negatief) en vertroue (positief), leegheid en hoop, verlies en wins, is dit emosies wat die hoofrol speel. Die een wat in die middelpunt staan wanneer die emosies beleef word, is die *ek*. Die *angsemosies* wat gepaard gaan met verlies, kan beskryf word as:

- **Verlatenheid** (ek is in die steek gelaat)
  Die ervaring van verlatenheid is om in die steek gelaat te voel. Dit word gekenmerk deur gebrokenheid en 'n onvermoë om 'n sinvolle antwoord midde-in die verliessituasie te vind. Mense wat verlies ly, het dikwels geen begrip van waarom dit met hulle gebeur het nie. Hulle voel verloën en in die rug gesteek. Hierdie gevoel van verlatenheid is soos 'n muur wat hulle omring en hulle blokkeer om hulleself en hulle omstandighede te transendeeer en weer hoop te ervaar.

- **Nietigheid en benoudheid**
  'n Gevoel van nietigheid gaan gepaard met die waarde-oordeel dat die persoon niks beteken nie. Die emosie van benoudheid sluit in gevoelens van vasgevang wees en intense alleenheid. Psalm 22, wat deur Jesus aangehaal is in moeilike omstandighede (Mt 27:46), druk uit hoe ook gelowiges in tye van lyding van God en mens verlate kan voel. Van Tilborg (1988:883) sien dit soos volg: "What is described in the Psalm, happens in the life and death of of Jesus. To approach Jesus' passion more closely, Matthew used poetic language: words on words on words". Dit dui aan dat, omdat die kontekste van psalmis en Jesus verskil, die inhoud van die emosie en ervaring sal verskil, al word dieselfde woorde gebruik. Die psalmdigter en Jesus het 'n verskeidenheid emosies ervaar

in hulle onderskeie noodsituasies. Een van die sterkste emosies was dié van verlatenheid.

Leegheid, ’n gevoel van afgesny te wees van God en mens en om doelloos te bestaan, is emosies wat mense tot in hulle diepste wese raak. Nietigheid en leegheid is deel van die gevoel van verlatenheid. Die gevoel van nietigheid en sinloosheid word in verskillende grade van frekwensie en intensiteit beleef. In die ergste vorm kan dit die totale menswees lamlê.

## 5. ERVARINGS VAN GOD TYDENS VERLIES

Om met hoop te kan leef, is om in die teenwoordigheid van God te lewe. Mense se ervarings van God tydens verlies is dikwels dat God ver weg is. “Het verschijnsel van de dood (zoals elk ander verlies) … roept als vanzelf de vraag op wat God met dit alles te maken heeft” (Hallewas 1989:123). Wanneer God ver weg beleef word, ervaar mense dikwels dat hulle die grense van die lewe bereik het en nie meer met hoop kan lewe nie. Mense wat rou, dink op ’n bepaalde manier oor God. Dit beïnvloed die beeld(e) wat hulle van God het. Hoe hulle God ver-beeld, is ’n soeke om te verstaan watter invloed, positief of negatief, die verlies op hulle lewens het en om die negatiewe te vervang met ’n hoopvolle belewing van God. Mense wat verlies gely het, vind dit egter moeilik om God positief te verbeeld te midde van rou. Die insigte van Garrett (2001) kan ’n uitweg bied.

Garret (2001:193) groepeer emosies in pare met hulle teenoorgestelde, byvoorbeeld hartseer-vreugde, verlies-wins, ongeluk-geluk. Die doel hiermee is dat sy wil aandui dat God mense beskerm in vreugde en in hartseer, en dat God alle mense ewe lief het in hulle suksesse en in hulle mislukkings. Garret se standpunt beklemtoon God se liefdevolle teenwoordigheid by mense in nood. Mense druk hulle ervaring uit in taal. Veral die ervaring van geloof word verwoord in metaforiese taal. Deur middel van metafore sê mense die on-sê-bare (vgl McFague 1987; Louw 1997:60).

Die Bybel bied ’n skat van beelde van God. Alle metafore is egter ingebed in bepaalde historiese kontekste. Hamerton-Kelly (1979:3) se insig is belangrik:

“Since the Bible speaks of God in symbols, part of biblical theology’s contribution might be to elucidate the meaning of these symbols in our current cultural context. This is a hermeneutical task …” Sommige beelde is vandag nie meer relevant nie en kan teologies selfs onaanvaarbaar wees. Ander kan met hermeneutiese herinterpretasie pastoraal bruikbaar gemaak word. Louw (1997b:19) meen dat Jesus se beeldspraak volgens Johannes 15 besondere betekenis kan hê vir die persoon wat worstel deur die rouproses. In hierdie gedeelte word Jesus ver-beeld as vriend, bondgenoot en vertroueling. Volgens Louw kan die teenwoordigheid van God ervaar word as ’n bondgenootskap. Deur hierdie besondere verbondenheid van die nietige mens met God, kan die mens se verhaal van nietigheid nuwe betekenis kry in die verhaal van die Gekruisigde, wat as nietige mens *tussen* mense, *saam met* mense en *ter wille van* mense lyding ervaar het. Deur die ver-*bond*-enheid met Jesus Christus, deur hierdie besondere *band* van vriendskap (Joh 15), kan mense wat dit as ‘n werklikheid ervaar dat hulle Vriend sy lewe uit liefde vir hulle gegee het, by ‘n nuwe verhaal van hoop uitkom. Vriendskap met God beteken dat op God se teenwoordigheid gereken kan word ook in tye van nietigheid en nood.

Vriendskap met God in rousmart dui op God se teenwoordigheid in tye van nood. Dit verryk mense in hulle soeke na hoop. Vriendskap dui op ‘n besondere verhouding van bondgenootskap en vertroue. Jesus Christus se vriendskap in nood, sy bereidheid om sy lewe te gee, beteken dat God se daar-wees ‘n werklikheid kan wees vir mense in hulle nood en verlies. Louw (1997b:19) sê van hierdie nabyheid: “Hy is ’n Vriend, dwarsdeur die dood”. Die metafoor van God as Vriend gee uitdrukking daaraan dat ook iemand in die hoogste nood geborgenheid en veiligheid kan ervaar in die teenwoordigheid van ‘n troue vriend. Die vriendskapsmetafoor impliseer *verbondenheid, verbindtenis, verbinding, binding* – ’n binding van vertroue en nabyheid ten spyte van ’n gevoel van nietigheid, verlatenheid en isolasie. Dit strek oor die grense van geslag, ras, klasse, nasionaliteit, ouderdom en geloof. Die vriend-metafoor is ’n beeld wat hoop skep. Dit druk uit dat God naby is en saam ly wanneer mense ly.

## 6. MOMENTE EN VERSKEIDENHEID IN DIE ROUPROSES

Tot dusver is die fases wat Kübler-Ross ten opsigte van die rouproses geïdentifiseer het en die emosies wat uitgewys is as gepaardgaande met die rouproses, bespreek. Indien die uitgangspunt sou wees dat die fases *krono-logies* verloop en dat die een fase eers afgesluit behoort te word, voordat die persoon die volgende fase kan ingaan, sou die dinamika van die rouproses verlore gaan. Dieselfde geld vir die uitgangspunt dat ál die geïdentifiseerde emosies eers deur elke betrokke individu ervaar moet word, voordat die rouproses voltrek is. Die gevaar bestaan dat die rousmartgebeure hierdeur in ’n resepmatige program vasgevang kan word. Indien daar wel van die indeling in fases gebruik gemaak word, sou die fases hoogstens van mekaar onderskei, maar nooit geskei kon word nie.

Die siening dat die rouproses ’n dinamiese aangeleentheid is, bied meer ruimte vir die uniekheid van elke indidviduele verhaal van verlies en smart. Daar word in hierdie artikel die keuse uitgeoefen om te praat van *momente* van die rouproses. Soos Kübler-Ross bevind het, kan daar wel sekere *elemente* in die rouproses onderskei word. Om na hierdie elemente te verwys as *momente van die rouproses,* eerder as die fases van die rouproses, is ’n poging om te ontsnap aan ’n kategoriese indeling en verloop van die proses. Die begrip “momente” is ’n poging om respekvol te wees ten opsigte van die dinamika en die onvoorspelbaarheid van die proses. Nie net vind onverwags regressie plaas nie, maar daar is ook die moontlikheid van skielike deurbrake. Daarom word die verwerking van verlies verstaan as ’n momentele, ’n oomblik tot oomblik *gebeure*. Elke moment in die rouproses sit ’n *beweging* na die een of ander kant toe aan die gang.

Die begrip “momente” moet egter nie die indruk skep dat die proses gefragmenteerd verloop nie. Die dinamiese beweging van die proses as geheel word altyd as die groter prentjie gesien. Binne die groter prentjie vind daar egter ook *gebeurtenisse* plaas. Elke moment in die rouproses verteenwoordig die persoon wat rou se soeke na hoop, se poging om die los drade wat deurgesny is deur die verlies weer bymekaar te kry om die *verlede* en die *toekoms* in die

*teenwoordige* weer aan mekaar te verbind. Vir diegene wat in verbondenheid met God lewe, is dit ‘n geloofsdaad. Müller (2000:99) stel dit so: “ … om die bewustheid te hê dat God êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dít is om geloof te hê”. God se liefdevolle teenwoordigheid is dus nie vir die pastorant iets wat eers in die toekoms sal waar word nie. God wat uit die toekoms oppad na mense toe is, is díe God wat uit die verlede reeds by mense aangekom het en wat saam met God se mense hierdie *aankoms in die hede* vier. Die gebeure van rousmart staan van moment na moment met ’n voet in die verlede en met ’n voet in die toekoms. Waar die verlede en die toekoms mekaar ontmoet, lê die moontlikheid om deur God se teenwoordigheid met hoop bemagtig te word om te kan lewe.

Kenmerkend van die rouproses is dat daar dikwels *geen struktuur* is waarvolgens gerou word nie. Ook die frekwensie en die intensiteit waarmee die emosies beleef word, verskil van *moment tot moment* van mekaar. Dit beteken nie dat die rouproses in niksseggende fragmente uiteenval nie. Inteendeel, die gefragmenteerde ervaring van ontwrigting en hooploosheid word juis deur die worsteling deur die momente van rousmart heen tot ‘n soeke na hoop. Die proses word voltrek wanneer die storie van verlies nuut vertel kan word as ’n storie van hoop waarin die verrassende teenwoordigheid van God by mense beleef kan word. Die pynlike ervaring van verlies kan tydens enige moment van die rouproses ’n moment van hoopvolheid vertoon. Waar God uit die verlede by mense aangekom het en vanuit die toekoms in die moment van mense se tyd by hulle aankom, daar kan mense met “egte” geloof en “vaste” hoop lewe, selfs al verduur hulle die pyn van hulle verlies (kyk Rom 5:1-11).

Müller (2000:99) is van mening dat “ … metafore ’n rol speel in die nadenke oor en ver-beelding van ‘n toekomsverhaal … Met beelde verbeel [ver-beeld] ons ons ’n nuwe werklikheid”. Dit is waarom Godsbeelde (verbeeld-inge van God) vir die rouproses van waarde kan wees. Die manier waarop mense God ver-beeld in die hede, in herinnering aan die verlies van die verlede, het ’n invloed op die belewenis van hoop of hooploosheid in die toekoms. Hooploosheid is die blokkering en verstopping van hoop. Wanhoop is die

immobilisering van hoop. Hoop daarteenoor is die ontdekking, die ver-*beeld*-ing dat die lewe in die teenwoordigheid van God betekenis het.

Die manier waarop mense God tydens die rouproses ervaar, vloei voort uit hoe hulle God voorgestel het voordat die verlies plaasgevind het. Die reis saam met God in die verwerking van die verlies kan daartoe lei dat die voorstelling van God verander. Sowel die Godsbeelde van voor as tydens die verlies kan nuut geïnterpreteer word sodat 'n nuwe hoopvolle toekoms moontlik kan word. Sodoende dien die verlede as boustene in die rekonstruering en herformulering van die nuwe toekomsverhaal ten spyte van verlies. Hoop sou gesoek kon word (vgl Müller 1996:139) tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms.

## Literatuurverwysings

Bowlby, J 1980. *Loss, sadness and depression*. New York: Basic Books.

De Klerk, W J 1977. *Rousmart*. Johannesburg: Die Evangelis Boekhandel.

De Vries, B 1997. Kinship bereavement in later life: Understanding variations in cause, course and consequence. *Journal of Death and Dying* 35, 141-157.

Faber, M L O 1984. *Handboek pastoraat: Pastorale perspectieven in een veranderende sameleving. Band 2.* Deventer: Van Loghum Slaterus.

Flatt, B 1987. Some stages of grief. *Journal of Religion and Health* 26/2, 143-148.

Freeman, S J & Ward, S 1998. Psychological aspects of grief. *Journal of Mental Health and Counseling* 20(3), 216-227.

Futterman, E H I 1972. *Parental anticipatory mourning*. New York: Columbia University Press.

Garret, C G 2001. Weal and woe: Suffering, sociology and the emotions of Julian of Norwich. *Pastoral Psychology* 49(3), 187-203.

Goldberg, C 2001. Concerning madness and human suffering. *Pastoral Psychology* 50(1), 13-23.

Hallewas, C F G E 1989. *In de schaduw des doods*. Hardinxveld: Theologische Uitgeverij Narratio.

Hamerton-Kelly, R 1979. *God the Father: Theology and patriarchy in the teaching of Jesus.* Philadelphia, PA: Fortress Press.

Kübler-Ross, E 1969. *On death and dying. London: Tavistock.*

Kübler-Ross, E 1981. *On death and dying*. New York: MacMillan.

Ligtenberg, R 1995. *De kwestbaarheid van het bestaan*. Kampen: Kok.

Louw, D J 1982. *Pastoraat en lyding: Enkele teologiese kernbegrippe met betrekking tot die lydingsvraagstuk as pastorale probleem*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Louw, D J 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D J 1997b. 'n Diagnostiese model vir die assessering van spiritualiteit met die oog op geloofsontwikkeling in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Volume 12(2), 11-25.

McFague, S 1987. *Models of God: Theology for an ecological, nuclear age.* Minneapolis, MN: Fortress.

Müller, J 1996. *Om tot verhaal te kom*. Pretoria: RGN.

Müller, J 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprek-voering.* Wellington, Lux Verbi.

Oates, W E 1977. *Pastoral care and counseling in grief and separation*. Philadelphia, PA: Fortress.

Spiegel, Y 1977. *The grief process*. Nashville, TN: Pathenon.

Sutherland, A V 1995. Worldframes and God-talk in trauma and suffering. *Journal of Pastoral Care* 49(3), 280-292.

Swinburne, R 1998. *Providence and the problem of evil.* Oxford: Clarendon.

Van Tilborg, S 1988. Language, meaning, sense and reference: Matthew's passion narrative and Psalm 22. *HTS* 44(4), 883-908.

Zisook, S & Schuchter, S R 2001. Depression – mental treatment. *American Behavioral Scientist* 44(5), 782-798.